

LEIERSKONGRES OOR DIE UITDAGING TOT
LEIERSKAP

(Aangebied deur U.S.-gesprek - 31 Julie - 1 Augustus 1981)

DIE EKONOMIESE-OPVOEDKUNDIGE UITDAGING

Prof. S.J. Terreblanche

In my voorbereiding van hierdie voordrag het die koppelteken tussen "ekonomiese" en "opvoedkundige" my heelwat hoofbrekings besorg. My probleem was dat die woord "ekonomiese" so 'n veelheid van betekenisse het en populêrweg in betekenisse gebruik word waarvan ek nie hou nie. Net so kan die woord "opvoedkundige" in verskillende betekenisse gebruik word. Die vraag is nou of die koppelteken tussen die twee woorde die veelheid van betekenisse vermeerder of verminder. Om die probleem te omseil, het ek besluit dat die koppelteken verwys na die wisselwerking tussen die ekonomiese en die opvoedkundige terreine.

Voordat ons by die wisselwerking tussen die twee terreine kom, moet ons ons seker eers verantwoord oor wat die doel van ekonomiese en opvoedkundige optrede respektiewelik is. Oor wat die doel van elkeen is, kan daar boekdele geskryf word. Ek gaan volstaan deur te beweer dat die doel van ekonomiese aktiwiteit die maksimisering van die sosiale welvaart van die totale gemeenskap is en dié van opvoedkundige aktiwiteite die bevordering van die beskawing van die totale bevolking.


Ons kan die wisselwerking tussen die twee terreine vir ons doeleindes in terme van onderstaande skema voorstel. Invloede A1, 2 en 3 toon aan hoe die ekonomiese terrein van belang is vir die opvoedkundige terrein en die beskawingsproses. Invloede B 1, 2 en 3 toon aan hoe die opvoedkundige terrein van belang is vir ekonomiese aktiwiteit en sosiale welvaart.

Invloede:

Ons let kortliks op elkeen van hierdie ses invloede met spesiale verwysing na Suid-Afrika.

- A 1. Die ekonomiese terrein stel fondse, fasiliteite en mannekrag beskikbaar vir die onderwysterrein. Ondervinding het laat blyk dat "belegging in menslike kapitaalvorming" 'n belegging is wat direk en indirek (via invloede B 1, 2 en 3) 'n baie hoë dividend oplewer - ofte wel baie bevorderlik is vir die verhoging van die Sosiale Welvaart. In enige ekonomiese stelsel moet ons dinge só probeer

WISSELWERKING TUSSEN DIE EKONOMIESE EN OPVOED-
KUNDIGE TERREINE



organiseer dat die skaars hulpbronne wat aan onderwys beskikbaar gestel word, vermeerder sal word tot op daardie punt waar sê die laaste R1 miljoen wat aan onderwys bestee word net so 'n groot dividend (in terme van sosiale welvaart) sal oplewer, as die laaste R1 miljoen wat sê aan verdediging, aan paaie of aan rooivleis bestee word. Berekenings wat in die afgelope 20 jaar in verskillende lande oor hierdie onderwerp gemaak is, dui daarop dat die "welvaartskeppende" effek van skaars bronne wat op die opvoedkundige terrein aangewend word, baie groter is as wat aanvanklik gemeen is en miskien selfs groter is as wat vandag allerweë aanvaar word. Navorsing wat oor die opbrengs (in die ruimer sin van die woord) van belegging in menslike kapitaalvorming in S.A. gedoen is, dui daarop dat die Sosiale Welvaart aansienlik vermeerder kan word indien meer skaars hulpbronne vir die opvoeding van veral anderkleurige onderwys beskikbaar gestel sou word.

Dit gaan in die Ekonomie egter nie net oor die hoeveelheid hulpbronne nie maar ook op die wyse waarop dit aangewend word. Indien die fondse, die fasiliteite en die mannekrag wat op die oomblik vir die opvoedkundige terrein beskikbaar is, konstant sou bly, maar meer oordeelkundig (d.w.s. meer doeltreffend en meer doelmatig) aangewend sou word, sal dit waarskynlik 'n baie gunstige effek op Sosiale Welvaart uitoefen.

In 1975/76 is 4,5 persent van die BNP op onderwys bestee. Intussen het hierdie persentasie blykbaar gedaal en is dit op die oomblik moontlik laer as 4 persent. Hierdie persentasie moet as relatief laag beskou word. In die meeste ontwikkelende lande - en in sommige Westerse lande - is onderwysbesteding deurlopend groter as 5 persent van B.N.P. Indien 'n mens die "tegniese ondoeltreffendheid" vanweë die etniese patroon van onderwysbestel van S.A. in ag neem, dan behoort hierdie persentasie in ons geval heelwat groter as 5 persent te wees om vir die "verlies" van die "tegniese ondoeltreffendheid" te kompenseer.

In A 3 en B 2 hieronder sal ons sterk argumente aanvoer waarom besteding op onderwys dramaties verhoog moet word in die jare wat voorlê. Ons het ook rede om te glo dat die pas voltooide RGN-onderzoek oor "Gelyke Gehalte Onderwys in Suid-Afrika" tot 'n soortgelyke gevolgtrekking gekom het en dat die Kommissie sterk aanbevelings tot dien effekte gemaak het.

Maar afgesien van die bedrag geld wat beskikbaar gestel word, speel die fisiese fasiliteite en die mannekrag wat beskikbaar is vir die opvoedkundige terrein (of wat oor die kort- en middeltermyn beskikbaar gestel kan word) en die manier waarop dit georganiseer word (d.w.s. hoe doeltreffend en doelmatig dit aangewend word) ook 'n groot rol in die welvaartskeppende funksie van die opvoedkundige terrein. Die fisiese fasiliteite en die beskikbare mannekrag kan die tempo waarteen onderwysbesteding uitgebrei kan word, ernstig aan bande lê. Indien die owerheid sou besluit om die bedrag wat op Swart-onderwys bestee word dramaties te vermeerder, sal ernstige knelpunte ondervind word om genoeg fasiliteite en veral genoeg mannekrag (d.w.s. onderwysers en dosente) vir Swartonderwys te werf. Ons sit blykbaar in die eienaardige knyptang-situasie dat ons 'n groot en groeiende tekort aan geskoolde mannekrag ondervind, maar 'n ewe groot tekort het aan opgeleide mannekrag bestaan om op die onderwysterrein vir die opleiding van addisionele mannekrag in te span. In die volgende twee of drie dekades gaan ons waarskynlik in hierdie "catch 22"-situasie vasgevang bly.

Die groot tekort aan opgeleide mannekrag (Sien Tabel 1) sal waarskynlik net teen 'n bevredigende tempo uit die weg geruim kan word, indien ingrypende veranderinge in die organisatoriese bestel van onderwys in Suid-Afrika aangebring kan word. Twee lastige vrae ontstaan egter in hierdie verband.

(a) Kan ons dit bekostig om die etniese patroon van onderwys (en die tegniese ondoeltreffendheid wat dit uiteraard meebring) onveranderd ^{te} handhaaf?

(b) Moet die pedagogiese ingesteldheid van 'n groot deel van ons onderwys - veral die onderwys vir anderkleuriges - nie veel sterker beroepsgeëntendeerd wees nie?

Ek laat hierdie twee vrae in u midde.

- A 2 Hierdie invloed het te make met die skep van werksgeleentheid en die effek wat dit vir die beskawingsproses het. Een van die belangrikste bydraes wat 'n ekonomiese stelsel tot die handhawing en die uitbouing van die beskawing kan maak, is om werksgeleenthede te voorsien aan almal wat tot die arbeidsmark toetree. In 1980 het S.A. se arbeidsmag uit 10,5 miljoen bestaan waarvan rondom 2,5 miljoen werkloos en onderindiensgenome was. Prof. Sadie bereken dat die arbeidsmag in die jaar 2000 tot 17,6 miljoen sal aangroei.¹⁾

1) Al die statistiese verwysings is ontleen aan Prof. Sadie se artikel "Labour Force 2000" in die RGN-publikasie, RSA 2000, Vol. 3, No. 2, 1981, pp. 20-34.

In die 20 jaar van 1960 tot 1980 het die manlike werksmag met 2,5 miljoen toegeneem. In die volgende 20 jaar gaan dit met 4,2 miljoen toeneem - d.w.s. die toename sal van 130 000 gemiddeld per jaar na 210 000 gemiddeld per jaar styg. Selfs as 'n reële groeikoers van 4,8 persent (soos in die voorafgaande 20 jaar) gehandhaaf kan word - sal die arbeiders en die landbousektor en die onderindiensgenomenes van 3,7 miljoen na 5,4 miljoen vermeerder. Die aantal wat dan as werkloos en onderindiensgenome geklassifiseer sal word, sal dan rondom 4 miljoen wees. Om te voorkom dat werkloosheid en onderindiensneming onbeteueld toeneem sal dit wenslik wees dat die gemiddelde groeikoers hoër as 5 persent sal wees. Só 'n hoë groeikoers sal waarskynlik nie oor die tydperk as geheel gehandhaaf kan word nie. Indien mens let op die eise wat 'n groeikoers van 4,8 persent gaan stel aan die verskillende kategorieë van geskoolde arbeid, moet self dit as onbereikbaar bestempel word (Sien A 3, B 2 hieronder).

'n Belangrike rede waarom die S.A. ekonomie waarskynlik nie daarin gaan slaag om voldoende werksgeleenthede vir sy groeiende bevolking te skep nie, selfs al word 'n groeikoers van 5 persent gehandhaaf, is vanweë die volgehoue neiging van die produksieproses in die fabriekswese om al hoe meer kapitaalintensief te word. In 1975 was die Kapitaal/Arbeid-verhouding twee keer so groot soos in 1960 en sedertdien het dit verder gestyg.

Die rede hiervoor is dat die moderne sektor in S.A. slaafs geskoei is op die tegnologie van die groot Westerse nywerheidslande waar goeie redes vir kapitaalintensiewe navorsing en tegnologiese vooruitgang bestaan. Ironies genoeg is dit nie bloot 'n geval dat ons die Weste na-aap nie, maar die owerheid se belasting- en subsidiebeleid plaas 'n redelike groot premie op kapitaalintensiewe ontwikkeling, terwyl bykans geen arbeidintensiewe navorsing (t.o.v. die sg. intermediêre tegnologie) in S.A. gedoen word nie! Indien die S.A. ekonomie werklik sy funksie as skepper van werksgeleenthede wil nakom, - gegewe S.A. se situasie as 'n soort mikrokosmos van die Eerste en die Derde Wêreld - dan sal ingrypende struktuurveranderinge in die ekonomie moet plaasvind. Dit sal op sy beurt belangrike sosiale en politieke magsverskuiwings verg.

A3, B2. In ons skema verwys A3 na die geleenthede wat 'n groeiende ekonomie vir verskillende kategorieë van geskoolde arbeid skep en B2 na die verskaffing van hierdie soort arbeid deur die opvoedkundige stelsel. A3 en B2 is dus spieëlbeelde van mekaar. In sy berekeninge van die vaardigheidstruktuur van die S.A. ekonomie in die jaar 2000 ver-

onderstel Prof. Sadie 'n groeikoers van 4,8 persent en dat die vraag na die verskillende kategorieë van arbeid teen dieselfde tempo sal toeneem as in die 20 jaar van 1960 tot 1980. In kolom 3 van Tabel 1 word die netto toename van elk van die vyf kategorieë van geskoolde werkers aangetoon. Die syfers word betekenisvol as mens let op die orde groottes van die toenames. In die uitvoerende kategorie sal 210,000 addisioneel benodig word teenoor die 170 000 wat tans in hierdie kategorie is. Die waarskynlike onmoontlikheid van hierdie taak blyk duidelik as ons daarop let dat die Blanke mans in die arbeidsmag oor 20 jaar net 275 000 meer as in 1980 sal wees. Die hoeveelheid hoogsgeskoolde witkragwerkers sal vanaf 500 000 na 1 540 000 moet verdriedubbel en die semi-geskoolde witkragwerkers van 400 000 na byna 1 600 000 moet vervierdubbel!

Prof. Sadie het ook die behoefte aan die verskillende kategorieë van geskoolde werkers i.t.v. blankes en die ander bevolkingsgroepe bereken. Indien die mees optimistiese projeksies i.v.m. blankes bewaarheid sou word, dan sal die jaarlikse benodigde toevoeging van arbeiders anders as blankes vir die verskillende geskoolde kategorieë wees soos in Tabel II, kolom 2. In kolom 1 word die jaarlikse toevoeging in die tydperk 1959-79 weergegee. Terwyl slegs 300 jaarliks tot die uitvoerende kategorie toegetree het, sal 3 800 jaarliks in die volgende 20 jaar moet toetree! D.w.s. 13 maal meer per jaar! Terwyl 8 000 hoogsgeskooldes in die vorige 20 jaar jaarliks toegetree het, sal 48 000 in die volgende 20 jaar jaarliks moet toetree. D.w.s. 6 maal meer per jaar. In die minder geskoolde witkrag en geskoolde bloukrag kategorieë sal 3 maal meer moet toetree en in die semi-geskoolde bloukrag kategorie 2 maal meer. Terwyl die laaste drie kategorieë moontlik bereikbaar is, sal die eerste twee kategorieë eenvoudig nie bereik kan word nie.

Twee gevolgtrekkings kan uit die vorige ontleding gemaak word wat bo alle twyfel staan. Eerstens dat die behoefte aan geskoolde mannekrag ontsaglike eise aan die onderwysstelsel gaan stel. Prof. Sadie sluit sy artikel soos volg af:

"(My) analysis leaves no room for argument. To reduce the severity of the bottleneck which skilled labour has been and is, and will be in the future, the generation of all kinds of skills, and particularly among the Blacks, on a hitherto undreamt of scale, is a dire necessity if growth and therefore employment creation is not to be stunted and strato-inflation is to be avoided."

TABEL 1

GEPROJEKTEERDE BENODIGDE ARBEIDSMAG :
1980 - 2000. IN 1000^e

	1980	2 000	Netto toename
<u>WITKRAAG</u>			
Uitvoerend	170	390	210
Hoogs geskoold	500	1 540	1 040
Semi-geskoold	416	1 592	1 176
Ongeskoold	-	-	525
Sub-totaal	1 086	3 522	2 951
<u>BLOUKRAAG</u>			
Geskoold	-	-	222
Semi-geskoold	-	-	1 520
Ongeskoold	-	-	572
Sub-totaal	-	-	2 296
TOTAAL			5 247 =====

aan
 Prof. Sadie beraam dat die tekort^{aan} geskoolde mannekrag teen die einde van die eeu rondom 2 miljoen sal wees. Hy verwag dus dat van die geprojekteerde benodigde geskoolde mannekrag van meer as 4 miljoen wat addisioneel benodig sal wees, die onderwysstelsel net meer as 2 miljoen sal kan oplei. Dit spreek natuurlik vanself dat die tekort in die hoër geskoolde kategorieë relatief groter sal wees as in die laer kategorieë.

'n Tweede gevolgtrekking is dat die hoogste vlak van die geprojekteerde groeikoers van 4,8 persent net bereik kan word as alle belemernisse in die opwaartse mobiliteit van anderskleurige arbeid so gou as moontlik en so effektief as moontlik uit die weg geruim kan word.

Die geweldige omvang van die Swart-onderwystaak in die volgende 20 jaar kan ook van 'n ander kant belig word. Terwyl die aantal blanke matrikulante met vrystelling vir matrikulasie slegs van 23 000 in 1980 tot 26 000 in 2000 gaan styg, gaan die aantal Swart matrikulante na beraming van 6 800 in 1980 na 65 000 in die jaar 2000 styg terwyl die Indiërs en Kleurling matrikulante gesamentlik van 3 500 na 13 000 gaan styg. Niemand durf twyfel aan die enorme onderwystaak wat op ons wag en op die groot en groeiende eise wat dit aan die ekonomie gaan stel nie.

- B.1 In die vorige afdeling het ons aandag gegee aan die rol van onderwys om mense voor te berei vir die produksieproses. Alhoewel daar geen twyfel kan bestaan oor die relatiewe belangrikheid van hierdie taak nie, moet ons daarteen waak om nie te argumenteer asof dit die enigste taak van die onderwys is nie. Soos reeds gesê is die eintlike taak van die opvoedkundige proses die bevordering van die beskawing in die ruimer sin van die woord. Boonop is die opvoedkundige proses ook direk van belang vir die bevordering van die sosiale welvaart wat ons as die doel van ekonomiese aktiwiteit gestel het. Dit spreek tog van self dat 'n goed opgevoede en gekultiveerde verbruikerspubliek meer welvaart uit 'n bepaalde volksproduk sal ervaar as 'n relatief onopgevoede en ongecultiveerde bevolking. Wanneer besluit moet word watter persentasie van die volksinkome aan onderwys bestee moet word moet die direkte welvaartseffek daarvan - in veral 'n ontwikkelende land soos S.A. - wel deeglik in ag geneem word. As ons kyk na die patroon van onderwysbesteding in die afgelope dekades en op die argumente ter wille daarvan, kry 'n mens die indruk dat hierdie oorweging nie altyd en ook nie in 'n voldoende mate in ag geneem is nie.
- B.3 Naas die ekonomies relevante funksies van die onderwys om 'n verbruikerspubliek te kultiveer en om mannekrag vir produksie-aktiwiteite op te lei, kan die onderwys ook 'n belangrike rol speel om gelyker geleentheid vir alle lede van die bevolking te skep. Hierdeur kan die onderwys 'n belangrike bydrae lewer om die geïnstitusioneeliseerde en tradisioneel oorgeërfde ongelykhede geleidelik af te breek.

TABEL ⁵ II

BRUTO JAARLIKSE BENODIGDE TOEVOEGING TOT
ARBEIDSMAG ANDERS AS BLANKES

	1959-1979	1980-2000	Kere wat jaarlikse toename groter moet wees.
	Kolom 1	Kolom 2	Kolom 3
<u>WITKRAAG</u>			
Uitvoerend	300	3 800	13X
Hoogsgeskoold	8 000	48 000	6X
Minder geskoold	18 000	52 000	3X
	26 300	103 800	4X
<u>BLOUKRAAG</u>			
Geskoold	5 000	15 000	3X
Semi-geskoold	56 000	101 000	2X
Sub-totaal	61 000	116 000	2X
TOTAAL	87 300	219 800	2,5X

Bras : Prof J. A. Sadee .

In S.A. is inkomste van individue uiters ongelyk verdeel. Dit word soms beweer dat die ongelykhede in S.A. van die grootste van alle lande in die wêreld is. Alhoewel hierdie ongelykhede i.t.v. ons unieke situasie as 'n mikrokosmos van die Eerste en Derde Wêreld verklaar kan word, kan ons nie bekostig dat hierdie ongelykhede onbelemmer bly voortbestaan en selfs toeneem nie. Die bydrae wat onderwys kan maak om enigsins gelyker geleenthede (en mettertyd ook gelyker inkomes) vir die verskillende bevolkingsgroepe te skep, kan nie maklik oorbeklemtoon word nie, veral nie as ons die effek wat dit indirek op die sosiale welvaart van die totale bevolking en op die deurlopende stabiliteit van die Suid-Afrikaanse situasie kan uitoefen, ook in verrekening bring nie.

'n Kommerwekkende aspek van onderwysbesteding is die skewe etniese verspreiding daarvan. Twee-derdes van alle onderwysbesteding is ten behoeve van blankes wat slegs 17 persent van die bevolking uitmaak. As gevolg hiervan is onderwysbesteding in S.A. nog nie 'n meganisme om gelyker geleenthede te skep en om tradisionele en oorgeërfde ongelykhede uit te wis nie. Inteendeel. Die ongelyke etniese verspreiding van onderwysbesteding veroorsaak eerder dat die tradisionele ongelykhede bevestig en selfs vergroot word. Indien die besteding op blanke onderwys gehandhaaf sou word, en die besteding op die onderwys van die anderskleurige groepe verhoog sou word sodat 'n gelyke bedrag op die onderwys van blankes en anderskleuriges bestee sou word, sal onderwysbesteding, as persentasie van die B.N.P., met minstens 1,5 persent moet styg. In terme van vandag se pryse en B.N.P. sal dit beteken dat R1 000 miljoen addisioneel op onderwys bestee moet word! Indien ons maar net by benadering aan die vraag na geskoolde arbeid wil voldoen, sal die bedrag wat op Swart onderwys bestee sal moet word, kumulatief moet styg in die volgende 20 jaar. Terwyl die blankes tans 18,4 persent van die arbeidsmag uitmaak, gaan slegs 8,1 persent van die nuweling wat in die volgende 20 jaar tot die arbeidsmark gaan toetree, blankes wees. Die Swartes se huidige aandeel is 69,3 persent, terwyl hulle aandeel in die inkrementele groei in die volgende 20 jaar 81,2 persent gaan wees.

Gevolgtrekkings

Na aanleiding van ons voorafgaande analise, kan ons die ekonomies-opvoedkundige uitdagings soos volg opsom.

1. 'n Aansienlik groter persentasie van die BNP sal aan onderwys en veral aan die onderwys van anderskleuriges bestee moet word. Dit is noodsaaklik nie alleen omdat 'n volgehoue hoë groeikoers dit vereis nie, maar ook omdat dit 'n strategiese rol kan en moet speel in die opheffing- en beskawingsproses en om geïnstitusionele ongelykhede uit die weg te ruim. In die volgende 20 jaar sal onderwysbesteding waarskynlik met meer as 2 persent van BNP groter moet wees as in die vorige 20 jaar. Dit sal hoër belastings en/of kleiner bestedings aan ander owerheidsdienste verg. Die blanke bevolkingsgroep sal die grootste deel van die addisionele belastinglas moet dra en/of blanke dienste sal ter wille daarvan besnoei moet word. (Vraag: Is so 'n opwaartse verskuiwing van die onderwysprioriteit en veral t.o.v. anderskleurige onderwys moontlik sonder 'n magsverskuiwing in die politiek en in die bedingingsvermoë van die blanke pressiegroepe?)
2. Die agterstande t.o.v. anderskleurige onderwys sal klaarblyklik nie teen 'n bevredigende tempo uitgewis kan word deur net meer fondse daarvoor beskikbaar te stel nie. Organisatoriese aanpassings in die onderwysstelsel sal waarskynlik ook aangebring moet word. (Vraag: Is so iets polities deurvoerbaar en watter soort organisatoriese aanpassings moet verkieslik gemaak word?)
3. Indien die S.A. ekonomie werklik sy funksie as die skepper van werksgeleenthede wil nakom, sal ingrypende struktuurveranderinge te weeg gebring moet word om die sterk neiging tot groter kapitaalintensiteit te stuit en om meer arbeidsintensiewe produksieprosesse tot ontplooiing te bring. Dit sal o.m. vereis dat die owerheid se belasting- en subsidiebeleid waardeur 'n premie op kapitaalvorming geplaas word, geleidelik uitgefaseer sal moet word. (Vraag: Kan ons aan hierdie uitdaging voldoen, gegewe die bedingingsmag en die politieke inspraak van die (hoofsaaklike blanke) groepe wat 'n gevestigde belang in die huidige belasting- en subsidiebeleid het?)
4. Alle belemmernisse in die weg van die opwaartse mobiliteit van anderskleurige arbeid sal so gou as moontlik en so effektief as moontlik uit die weg geruim moet word. (Vraag: Is so iets moontlik gegewe die weerstand wat sommige blanke vakbonde nog steeds aan die dag lê?)

5. Indien ons anderskleuriges wil oplei om uitvoerende en hoogsgeskoolde werk te doen (en wel teen 'n tempo van 50 000 elke jaar) en ook anderskleuriges vir minder geskoolde wit- en bloukraagwerk wil oplei (teen 'n tempo van 150 000 elke jaar) dan sal dit nie voldoende wees om net meer op die onderwys van hierdie anderskleurige geskoolde mannekrag te bestee nie. Dit sal eweseer nodig wees om reuse bedrae op die fisiese infrastruktuur van hierdie mense te bestee sodat die "kwaliteit van hulle omgewing" min of meer na die peil van dié van geskoolde mannekrag verhoog sal word. (Vraag: Sal dit moontlik wees om op die verskillende owerheidsvlakke die fondse vir sodanige infrastrukturele ontwikkeling te vind veral as ons in ag neem dat die anderskleuriges aanvanklik nie oor die nodige belastingkapasiteit sal beskik nie?)

IMPLIKASIES

Indien ons hierdie ekonomies-opvoedkundige uitdagings die hoof wil bied, sal dit

- (a) oor die kort- en middeltermyn groot geestelike en materiële opofferings van die blanke bevolking verg,
- (b) maar oor die langtermyn kan dit groot geestelike en materiële voordele vir die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel meebring.

Die opofferings wat oor die kort- en middeltermyn gemaak sal moet word, sal die vorm aanneem van die uitfasering van die blankes se bevoorregte en verskanste posisies en die afskaal van hulle reële lewenstandaarde tot laer vlakke (maar miskien sal dit terselfdertyd ook meer realistiese vlakke blyk te wees gegewe die S.A. probleemsituasie). Dit sal ook die geestelike "opoffering" van 'n ingrypende gesindheidsverandering van die blankes jeens die anderskleurige bevolkingsgroepe verg.

Die voordele wat oor die langtermyn sal uitkristaliseer as ons hierdie opofferings kan maak, is dat die chroniese tekort aan geskoolde mannekrag gedeeltelik (maar beslis nie volledig nie) uit die weg geruim sal word, dat 'n gemiddelde groeikoers van sê 3 tot 4 persent gehandhaaf sal kan word, dat 'n groot deel van die anderskleuriges opgehef en in die beskawingsproses ingetrek sal word, dat groter regverdigheid en stabiliteit verwesenlik sal word en die sosiale welvaart van die gemeenskap as geheel op 'n veel hoër vlak sal wees. Oor die heel langtermyn kan dit self lei tot 'n styging in die reële lewenstandaarde van die blankes.

Ek wil graag die kategoriese stelling maak dat die blankes die uitdagings waarvoor ons te staan gekom het net die hoof sal kan bied as hulle dit met 'n houding van verligte (of langtermyn) eie-belang kan aanpak. Ek is van

mening dat baie van die probleme waarmee ons vandag opgesaai sit, ontstaan het omdat baie blankes eerder 'n houding van kortsigtige en seksionele eie-belang aan die dag lê. Hierdie houding van kortsigtige eie-belang is deur die jare ingeskerp deur ideologiese en politieke strominge wat die blankes se regte en vermoëns tot 'n eie en min of meer geïsoleerde selfbeskikkingsreg op politieke én op ekonomiese gebied beklemtoon het. Net so lê die ekonomiese stelsel en veral die ekonomiese retoriek waarmee ons ons bedien, besonder sterk klem op individuele regte, op eie inisiatief, op korttermyn winste en op burgerstand waardes - soveel so dat 'n houding van materialistiese selfsug wat eerder met die lewenshouding van die petite bourgeoisie vereenselwig word, in sekere kringe waarneembaar is. Alhoewel mense meesal nie geneë is om dit uitdruklik te erken nie, word die slagspreuk van "private vice makes public virtue" in belangrike kringe in die sake-wêreld as 'n gerieflike regverdiging van hulle optrede vertroetel. Die houding van kortsigtige eie-belang word blykbaar nie net deur ons politieke ideologieë en ons ekonomiese stelsel en retoriek ingeskerp nie. Ons opvoedkundige en kerklike instellings het klaarblyklik nie die inburgering van hierdie lewenshouding in blanke geledere help teenwerk soos 'n mens miskien in alle billikheid kon verwag het nie. Intendeel. Hierdie instellings - in veral die Afrikaanse geledere - het hulle dikwels só volledig met die "blanke saak" vereenselwig dat hulle optrede en uitsprake eerder tot die verdere versterking van die houding van kortsigtige eie-belang bygedra het.

Kortom, as ons die uitdagings waarvoor ons te staan gekom het die hoof wil bied en beskaafde standaarde in hierdie land in stand wil hou, sal ons die houding van kortsigtige eie-belang met 'n houding van verligte eie-belang moet vervang. Dit sal beteken dat die blankes oor die kort en middeltermyn bereid sal moet wees om groot materiële en geestelike opofferings te maak ter wille van groter voordele vir die bevolking as geheel oor die langtermyn.

Is dit moontlik om die blankes te oortuig om hulle houding van kortsigtige eie-belang te verruil vir 'n houding van verligte eie-belang? Dit is seker nie onmoontlik nie, maar dit sal beslis nie maklik wees nie. Ter wille daarvan sal 'n grootse "opvoedkundige program" van stapel gestuur moet word. In hierdie program sal ons die blankes moet probeer kultiveer in die kuns van offerwaardigheid ter wille van hulle verligte eie-belang wat op die langtermyn voordele vir almal kan oplewer. In só

'n program sal al die opvoedkundige instellings, die masse media, die kerke en politieke instellings en elke vorm van retoriek en veral verbeeldingryke leierskap ingespan moet word.

Miskien kan ek hierdie voordrag afsluit met die stelling dat ons opvoedkundige taak in die volgende 20 tot 30 jaar tweeledig van aard sal moet wees.

- (a) Enersyds sal 'n besondere onderwystaak t.o.v. die anderkleurige bevolkingsgroepe onderneem moet word om daardie vaardighede en geskoolde vermoëns wat 'n groeiende ekonomie van sy mannekrag verg, by 'n groot deel van hulle tuis te bring.
- (b) Andersyds sal 'n besondere opvoedingstaak t.o.v. die blankes onderneem moet word om 'n houding van verligte eie-belang by hulle in te skerp sodat hulle vrywillig sal instem vir en meewerk aan daardie soort struktuurveranderinge wat op opvoedkundige, ekonomiese en politieke terrein in belang van die sosiale welvaart van die totale bevolking en ter wille van die behoud van beskaafde standaarde, aangebring sal moet word.

Indien ons in die volgende 20 tot 30 jaar nie tot 'n redelike groot mate in albei hierdie opvoedkundige take slaag nie, sal ons toekoms donker wees. As ons nie daarin slaag om 'n groot getal anderkleuriges vir geskoolde en hoogsgeskoolde werk op te lei en alle faktore wat hulle opwaartse mobiliteit belemmer uit die weg te ruim nie, sal ons "ekonomiese masjien" min of meer tot stilstand kom. En indien ons nie daarin slaag om die grootste deel van die blanke kieserskorps te oortuig om hulle kortstygende eie-belang met verligte eie-belang te vervang nie, sal ons die noodsaaklike veranderinge ook nie deur middel van 'n demokratiese proses kan bewerkstellig nie en sal die "politieke masjien" ook tot stilstand kom of disintegreer. Indien ons in albei hierdie opvoedkundige take misluk sal die alternatiewe te verskriklik wees om te oorweeg.